# God het sy gebed verhoor

**Instruksies:** Doen hierdie oefening op 'n stil plek. Stel jou voor dat jy die gebeure sien plaasvind terwyl jy die tekste lees. Visualiseer die toneel. Hoor die stemme. Ervaar die emosies van die karakters. Leef jou in die verslag in.

**Hoofkarakters:** Nehemia, koning Artasasta, Sanballat en Tobia.

**Opsomming:** Nehemia bid tot God, vra die koning toestemming om na Jerusalem te reis en kom struikelblokke te bowe.

## 1 DINK NA OOR DIE TONEEL.—LEES NEHEMIA 2:1-20.

Hoe dink jy het hierdie karakters in die verhaal gelyk?

Nehemia: ______________________________

Koning Artasasta: ______________________________

Sanballat en Tobia: ______________________________

Waarom dink jy was Nehemia se gebed kort? ______________________________

______________________________

Beskryf hoe jy dink Jerusalem gelyk het toe Nehemia daar aangekom het. (*Lees weer verse 13 en 14.*)

______________________________

Met watter stemtoon dink jy het Nehemia in vers 17 gepraat?

______________________________

## 2 DELF DIEPER.

Waaroor dink jy het Nehemia gebid? (Lees Nehemia 1:4-11.)

______________________________

Waarom het Nehemia moontlik tot die slotsom gekom dat Artasasta hom sou toelaat om na Jerusalem terug te keer? (Lees Esra 7:1-6; Spreuke 21:1.)

______________________________

Hoe het die Jode "hulle hande versterk vir die goeie werk"? (Lees Nehemia 2:18; Jesaja 35:3.)

______________________________

Wat beïndruk jou omtrent Nehemia se antwoord aan Sanballat en Tobia? (Lees Nehemia 2:20.)

______________________________



www.jw.org/af © 2013 Watch Tower Bible and Tract Society of Pennsylvania

## 3 PAS TOE WAT JY GELEER HET.

Skryf neer wat jy geleer het oor . . .

Die krag van gebed. ______________________

______________________

Hoe Jehovah God sy aanbidders help wanneer hulle moedig vir ware aanbidding opkom. ______

______________________

## 4 VRA JOU AF.

Hoe kan ek Nehemia navolg wanneer ek ontsteld is of terneergedruk voel?

______________________

______________________

Hoe sal ek toon dat ek op Jehovah vertrou wanneer ander my opvattings bevraagteken?

______________________

______________________

Watter les uit hierdie verslag is vir my die belangrikste, en waarom?

______________________

______________________

______________________

**Voorstel:** Gebruik die navorsingsmiddele wat tot jou beskikking is en vind die eertydse stede Susan en Jerusalem op 'n kaart (Nehemia 1:1). Werk uit hoe ver die twee stede min of meer van mekaar af was, en stel jou dan voor hoe moeilik dit vir jou sou wees om—soos Nehemia—dieselfde afstand van jou huis af te reis, maar sonder moderne vervoermiddels.



Laai hierdie PDF af by www.jw.org/af



www.jw.org/af © 2013 Watch Tower Bible and Tract Society of Pennsylvania